
Elandré Swartz
BESNYDENIS
EN DIE DOOP
VERSTAAN GOD SE MEESTERPLAN

BESNYDENIS EN DIE DOOP

Elandré Swartz

© Elandré Swartz
ISBN 978-1-0370-3839-6

Eerste publikasie Februarie 2025
Geset in Calibri 12

Teksversorging
PENdit.za
www.pendit.co.za; info@pendit.co.za

Tipografie
Bets Koen / bets.adminco@gmail.com

Omslag
Nico Schamrel
nicoschamrel@gmail.com

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring. PENdit.za vrywaar hulself van enige moontlike ooreenkomste met ander verhale wat mag voorkom.

Uitgewer:

NS. SKRYWERSHUIS
Aanlyn boekwinkel
www.nskrywershuis.co.za; info@nshuis.co.za

Gedruk deur: Bidvest Data, Kaapstad
www.bidvestdata.co.za

Voorwoord

Baie mense het gewonder hoekom ek nie meer ’n predikant in die NG Kerk van Suid-Afrika is nie. Vir ‘n baie lang tyd was ek kwaad vir God en ander. Ek het gesukkel met die vraag hoekom ek teologie studeer het om ’n predikant te word terwyl God ander planne gehad het. Ek het steeds nie ’n antwoord nie, maar ek het geleer om myself aan God te onderwerp en te leer wat Hy my wil leer.

Hierdie boek is die antwoord op die meeste van my geliefdes se vrae oor baie jare. Baie sal dalk nie met die inhoud van hierdie boek saamstem nie. Die doel van hierdie boek is nie om iemand te oortuig nie. Ook nie om ’n skeuring te skep nie, maar om my storie te deel.

Ek dra eerstens hierdie boek op aan God, die Almagtige, omdat Hy my deur Sy Heilige Gees geïnspireer het om neer te skryf wat Hy in my hart geplaas het. Tweedens dra ek hierdie boek op aan al my familie en vriende wat my ondersteun en saam met my gebid het in tye van groot swaarkry. Derdens dra ek die boek op aan my vrou, Elize, wat ook saam met my gebid het en langs my gestaan het toe ek in my donkerste plek was. Ek loof God vir haar, want sy was die een wat ons gedra het toe ek van God af weggestap het.

[3]Toe vertel Hy aan hulle hierdie gelykenis en sê: [4]Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle verloor, laat nie die negen-en-negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit kry nie? [5]En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers. [6]En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was. [7]Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.

Lukas 15:3-7 (1953)

Inleiding

Sedert die begin van die Kerk was daar baie argumente oor die doop. Dit het gelei tot gevegte, skeuring en selfs sterftes. Die modus operandi van die doop was sedert die vroeë 300's 'n omstrede kwessie. Dit is maar een van baie wapens wat Satan gekies het om teen die Kerk te gebruik. Hoe meer verdeeld Christene oor kern Bybelse beginsels is, hoe groter is die impak wat Satan in elke sektor van die samelewing kan hê.

Verskeie boeke, artikels en doktorsgrade is geskryf oor die besnydenis en die doop. Ons kan hulle in die biblioteek of op die internet vind. Ek beskou myself nie as 'n kenner op hierdie gebied nie, en ek sal ook nie enige nuwe openbaringe deel wat die Here aan my geopenbaar het nie. Hierdie is ook nie 'n baie diepgaande studie van die doop nie, maar eerder 'n verduideliking van hoe ek met die vraag van doop gesukkel het. Ek sal die reis waarop God my geplaas het deel, die navorsing wat gedoen is, die navorsing wat ek gedoen het en wat die Here aan my openbaar het om my van die waarheid te oortuig.

Ek hoop my lewensverhaal sal jou ook help in jou soeke na waarheid wat in Jesus Christus gevind word.

Hoofstuk 1

Deel 1: My Lewensagtergrond

Ek is in 1993 in Suid-Afrika gebore en het grootgeword in ’n stad genaamd Gqeberha, voorheen bekend as Port Elizabeth. Ek is Protestant grootgemaak, in die NG Kerk.

Ek het nooit die kerk, sy leerstellings, dogma of selfs sy teologie bevraagteken nie. Vir my hele jonk-wees was ek net opgewonde om op ’n Sondag vir die kerk aan te trek. Sondagoggende was vervelig, aangesien die preke gewoonlik vir “ouer” mense was. Soms het ek tussen my ma en pa aan die slaap geraak en ander kere na al die kaal kolle op daardie grys koppe gekyk.

Ek kon nie dieselfde sê vir ons kinders se dienste nie. Dit was soveel pret om by te woon! Ons het danse en bewegings met al ons liedjies gedoen. Liedjies soos *My God is so groot, Jesus roep my vir ‘n sonstraal, Every move I make*, en soveel meer. Ons het van al die Ou- en Nuwe-Testamentiese stories geleer, ons basiese kennis van die Bybel getoets, en selfs vrae gevra oor dinge wat ons nie kon verstaan nie. Dit was soveel pret om by te woon dat selfs ons ouers spesiaal gevra is om eerder die normale volwasse dienste by te woon, want ons was oorvol.

Die laat 1990's en vroeë 2000's het ’n oplewing van jeug in byna alle kerke en denominasies gesien. Ons plaaslike gemeentes het

selfs ’n wintervakansie Bybelprogram genaamd *Avontuur-week* begin. Dit is gebaseer op Group Publishing VBS. Die eerste week van die vakansie is gewy aan die versiering van al die kerke deur die spanleiers. In die tweede week het al die kinders tussen die ouderdomme van 3 en 13 ’n week van pret en speletjies bygewoon terwyl hulle alles van Jesus en Sy roeping vir ons lewens geleer het.

Gedurende my jeug was ek aan die brand vir Jesus, en op 13-jarige ouderdom het ek tot geloof in Christus gekom toe ek besef het wat Hy vir my gedoen het. Ek het altyd probeer om Jesus in my daaglikse lewe uit te leef. Ek het probeer om Jesus se lig te laat skyn wanneer en waar ookal moontlik. Ek was altyd verras deur diegene wat nie dieselfde gevoel het nie: *Hoe kon jy nie die kerk geniet nie? Hoe kon jy Jesus nie liefhê nie? Hoe kan jy jouself ’n Christen noem en nie volgens die Evangelie lewe nie?* Op die ouderdom van 15 het my pa aan kanker gesterf. Alhoewel dit ’n baie moeilike tyd vir ons as ’n gesin was, het ek eintlik nader aan God gegroei. Ek het by die kerkorkes aangesluit en volwasse kursusse geneem, soos die *Alpha Course* en *Journey to Freedom*. Ek het selfs ’n spanleier by Avontuurweek geword.

Teen die ouderdom van 18 het ek gesukkel met die vraag oor wat my roeping in die lewe was: *Was dit om ’n verkoops-bestuurder te wees? ’n Rekenmeester, miskien? Wat van ’n ingenieur?* Alles groot geleenthede vir ’n finansieel, suksesvolle lewe, maar nie een van hierdie moontlikhede het my opge-

wonde gemaak nie. Eendag, nadat ek teruggekom het van ’n siviele ingenieurswerkswinkel, het een van die dames in ons kerk gesê dat die Here my geroep het om teologie te studeer. Aanvanklik het ek gedink sy is mal, maar daardie aand het ek in die bed bly tol en draai. Ek het daaraan gedink om dit op die proef te stel.

Die volgende week het ek besluit om al my tien vriende te vra of hulle my as ’n predikant sien. Sewe van hulle was so opgewonde oor die idee dat ek ’n predikant sou word, want hulle het gesê dat ek hulle geïnspireer het om ’n heilige lewe te lei, aangesien ek nooit vuil taal gebruik het nie, nooit aan vuil grappe deelgeneem het nie, nooit sterk drank gedrink het nie en altyd ’n geleentheid gesien het om hulle na Jesus te wys as hulle verkeerd opgetree het. Nadat ek dit met my ma gedeel het, het sy vir my gesê dat 7 die Here se nommer is en dat Hy vir my ’n perfekte antwoord op my vraag gegee het. Dit was eers toe ek besef het dat die Here my geroep het om teologie te studeer, dat ek eintlik opgewonde geraak het oor my toekoms!

Ek wou nooit regtig ’n predikant geword het nie. Dit het altyd vir my na ’n vervelige werk gelyk. Huisbesoeke, Bybelstudiegroepe tot laat in die aande, ’n vervelige erediens lei soos ons volwasse dienste… Dit het alles so alledaags gelyk. Maar ek het ’n rolmodel gehad. Ek wou soos Louie Giglio wees! Hy was (is) aan die brand vir Jesus en verkondig die evangelie baie kragtig, verskaf praktiese gereedskap vir die huishouding, ontsluit die waarheid

in die Skrif sodat elke familielid ontsag vir Jesus Christus kan hê en hy lei ’n aanbiddende lewe vir God se eer alleen. Dit is wie ek sou wees!

BESTEL DIE BOEK BY ONS AANLYN WINKEL:

https://nskrywershuis.co.za/product/besnydenis/